Provinsiale Grondwet vir Gemeenskapspolisieforums – Wes-Kaap

1. AANHEF

Gemeenskapspolisiëring berus op `n filosofie of `n benadering wat as vertrekpunt het die interafhanklikheid en deel van verantwoordelikheid tussen al die lede van die SA Polisiediens (SAPD) en die gemeenskap in die versekering van `n veilige en beskermde omgewing vir al die mense van die Wes-Kaap. Die beginsel van gemeenskapspolisiëring is vasgelê in die belangrikste dokumente van ons land en provinsie, naamlik die Suid-Afrikaanse en die Wes-Kaapse grondwet. Dit is derhalwe ons plig om seker te maak dat die beginsel van gemeenskapspolisiëring in ons provinsie lewendig bly en met ywer nagestreef word.

2. NAAM EN REGSPERSOONLIKHEID

2.1 Die naam van die struktuur is die ..... Gemeenskapspolisieforum, hierna genoem "die Forum". (Na instelling sal elke plaaslike gemeenskapspolisieforum die reg hê om sy eie naam te kies, wat die naam van die polisiestasie wat dit dien, moet weerspieël.)

2.2 Die Forum is `n organisasie sonder winsoogmerk wat, ongeag enige verandering in lidmaatskap of bestuur, as `n vrywillige organisasie bestaan en as regspersoon onafhanklik van sy lede bates besit, verliese ly en skuld aangaan, en regsprosesse instel.

2.3 Onroerende eiendom of registreerbare regte in onroerende eiendom wat die Forum verkry, word in die naam van die Forum geregistreer, en alle regstappe wat die Forum doen, word deur sy liggame, beamptes en/of verteenwoordigers uitgevoer.

2.4 Lede het as sodanig geen aanspraak op enige eiendom of toevallige wins van die Forum nie.

2.5 Individuele lede word gevrywaar van enige regstappe wat uit die Forum se aktiwiteite ontstaan.

3. OOGMERKE EN DOELWITTE

Die Forum moet

3.1 samewerking op `n nie-partypolitieke wyse tussen die SAPD en die plaaslike gemeenskap in die algemeen bevorder;

3.2 `n vennootskap tussen die SAPD en die gemeenskap ten opsigte van misdaadvoorkoming instel en handhaaf;

3.3 tesame met die SAPD probleme wat verband hou met misdaad, wanorde, vrese, dienslewering en swak verhoudings tussen die SAPD en die gemeenskap identifiseer, voorrang daaraan verleen en oplos;

3.4 verhoudings tussen die SAPD en die gemeenskap bevorder deur aangeleenthede in die gemeenskap en die SAPD wat verkeerde persepsies en houdings veroorsaak, aan te spreek;

3.5 kommunikasie tussen die SAPD en die plaaslike gemeenskap bevorder;

3.6 in samewerking met die SAPD maniere vind om deursigtigheid en toerekenbaarheid by die polisie te ontwikkel;

3.7 objektiewe en regverdige mediadekking van die SAPD se aktiwiteite aanmoedig en bevorder;

3.8 respek vir menseregte onder die personeel van die SAPD bevorder;

3.9 met enige ander instansie op plaaslike vlak onderhandel en saamwerk om die belange van die Forum en sy lede te bevorder;

3.10 die SAPD moniteer wat die volgende betref:

- die verkryging en plasing van polisiestasies, asook personeelvoorsiening;
- die ontvangs en verwerking van klagtes en aanklagte;
- die voorsiening van beskermingdienste by byeenkomste;
- die patrollering van woon- en sakegebiede, en
- die vervolging van oortreders;

3.11 wedersydse begrip tussen verskillende kulture ontwikkel en aanmoedig, en

3.12 in onderhandelings met die SAPD op 'n volwasse, diplomatiese en beskaafde wyse optree.

4. LIDMAATSKAP

4.1 Lidmaatskap van die Forum is oop vir organisasies en inrigtings van die gemeenskap binne die geografiese bedieningsgebied van die ..... Polisiestasie.

4.2 Organisasies moet aansoek doen om lidmaatskap van die Forum. Organisasies wat lede van die Forum is en wat soortgelyke doelwitte het en belange deel, word saamgegroepeer in 'n substruktuur wat 'n verteenwoordiger en sekundus (plaasvervanger) sal benoem, van wie een by alle forumvergaderings sal kan stem, met inbegrip van die Algemene Jaarvergadering. Voorbeelde van sodanige organisasies is jeuggroepe, instansies wat by sosiale en welsynsaktiwiteite betrokke is, en so meer. Die saamgroepeer van organisasies in substrukture is te alle tye die prerogatief van die Forum se uitvoerende gesag.

4.3 Ingevolge artikel 19(3) van die SA Polisiedienswet, Wet 68 van 1995, sal die Stasiekommissaris en alle lede wat deur hom aangewys word (*tot hoogstens 5 persone*) lidmaatskap van die Gemeenskapspolisieforum geniet.

4.4 Die Forum moet sover moontlik verteenwoordigend wees van die wyk. Die oorheersing van een politieke party of groep moet vermy word.

4.5 Geen lidmaatskapgelde is betaalbaar nie.

4.6 'n Organisasie wie se aansoek om lidmaatskap van die Forum skriftelik goedgekeur is, kan slegs by vergaderings van die Forum of Substruktuur stem nadat die organisasie minstens ses (6) maande lid was, en indien die

verteenwoordiger van daardie organisasie minstens vier (4) maandelikse algemene vergaderings van die Forum bygewoon het.

5. REGTE

Elke lid het die reg

5.1 om aan al die aktiwiteite van die Forum deel te neem;

5.2 om iemand tot enige posisie in die Forum te verkies of om verkies te word tot sodanige posisie, met dien verstande dat slegs geregistreerde hooforganisasies die reg het om stemreg uit te oefen;

(Geregistreerde Hooforganisasie – die moederliggaam van organisasies wat in die gebied werksaam is, d.w.s. unies, sportklubs, predikantebroederkringe, ens. word beskou as die hoofliggaam. Ander geaffilieerde groepe mag nie stem nie, maar mag wel aan die aktiwiteite van die Forum deelneem.)

5.3 om toegang tot die dokumentasie, boeke en notules van alle vergaderings te hê.

Let wel:
Slegs die aangewese verteenwoordigers van geaffilieerde organisasies, inrigtings of substrukture het stemreg by alle forumvergaderings, met inbegrip van die Algemene Jaarvergadering.

6. PLIGTE, VERPLIGTINGE EN FUNKSIES VAN LEDE

Die pligte en funksies van die Forum en sy lede is

6.1 om die nodige take te verrig ten einde die oogmerke en doelwitte waarna in paragraaf 3 hierbo verwys word, te bereik;

6.2 om elke lid van die gemeenskap en van die SAPD aan te moedig om aan die aktiwiteite van die Forum deel te neem;

6.3 om insette te lewer vir die formulering van beleid, behoeftes en prioriteite vir polisiëring;

6.4 om die doelwitte en prioriteite van provinsiale en nasionale polisiëring deur middel van projekte of ander aktiwiteite te ondersteun;

6.5 om op bestuursvergaderings van die SAPD deur die Stasiekommissaris verteenwoordig te word;

6.6 om hulle te weerhou van die bevordering van menings oor partypolitiek wanneer veiligheids- en sekuriteitsaangeleenthede ter sprake kom;

6.7 om op `n beheerste en waardige wyse op te tree in gespekke met lede van die Forum en die SAPD;

6.8 om aan hulle gemeenskap verantwoordbaar te wees;

6.9 om erkenning te verleen aan die range van lede van die SAPD;

6.10 om op deursigtige en toerekenbare wyse met geld te werk;

6.11 om vergaderings betyds en gereeld by te woon;

6.12 om by normale vergaderingsprosedure te hou, en

6.13 om hulle te weerhou van die gebruik van beledigende taal en die maak van rassistiese of seksistiese aanmerkings.

7. BESTUUR

7.1 Die Forum word bestuur deur `n Uitvoerende Komitee wat by Algemene Jaarvergaderings verkies word en bestaan uit die volgende:

7.1.1 `n Voorsitter wat `n burgerlike is (nie lid van die SAPD nie).

7.1.2 `n Ondervoorsitter of medevoorsitter/s (nie SAPD lede nie).

7.1.3 `n Sekretaris, wat verkieslik `n lid van die SAPD moet wees.

7.1.4 `n Tesourier (opsioneel).

7.1.5 Addisionele lede waaroor forums by `n Algemene Jaarvergadering of op `n ad hoc-basis mag besluit.

7.2 Indien `n bestuurslid van die Uitvoerende Komitee vir drie (3) agtereenvolgende vergaderings afwesig is sonder `n geldige/skriftelike verskoning, sal die setel

outomaties vakant raak en volgens die gewone verkiesingsprosedure gevul word.

7.3 Die Uitvoerende Komitee het die reg om `n persoon te koöpteer om:

7.3.1 in `n komitee te dien vir sodanige tydperk as wat die Komitee bepaal;

7.3.2 `n spesifieke vergadering van `n komitee by te woon, of

7.3.3 deel te neem aan die oorweging deur `n komitee van `n spesifieke aangeleentheid op `n spesifieke vergadering van die komitee.

Let wel:

(`n Persoon wat ingevolge hierdie artikel gekoöpteer word, dien in `n raadgewende hoedanigheid in die betrokke komitee, of woon die betrokke vergadering van die komitee by, na gelang van die geval, en is nie daarop geregtig om by enige vergadering van daardie komitee te stem nie.)

7.4 Die Uitvoerende Komitee moet verseker dat behoorlik notule gehou word en dat alle vergaderings gedokumenteer word.

8. BESTUURSKOMITEE (OPSIONEEL)

8.1 Die Uitvoerende Komitee kan `n Bestuurskomitee bestaande uit die Stasiekommissaris, die voorsitter of adjunkvoorsitter, die sekretaris en die tesourier instel wat verantwoordelik sal wees vir die daaglikse funksionering van die Forum.

8.2 Die Bestuurskomitee kan na goeddunke lede van die Forum koöpteer.

9. VERGADERINGS

9.1 ALGEMENE JAARVERGADERINGS

9.1.1 `n Algemene Jaarvergadering, wat deur enige lid van die Forum en ander belangegroepe bygewoon kan word, word jaarliks gedurende Oktober tot

November byeengeroep. Die Sekretaris moet minstens een-en-twintig (21) dae skriftelike kennisgewing van die vergadering gee.

9.1.2 Die Algemene Jaarvergadering

- oorweeg en maak voorstelle aan die Gebiedsraad oor die doelstellings en doelwitte van gemeenskapspolisieforums;
- ontvang, bespreek en aanvaar die Uitvoerende Komitee se verslag oor die werk van die Forum, wat die Voorsitter se verslag en die finansiële verslae insluit;
- bespreek en stel konsepvoorstelle op oor plaaslike aangeleenthede met betrekking tot algehele beleidsdoelwitte van gemeenskapspolisiëring, en
- kies die Uitvoerende Komitee soos in paragraaf 7.1 hierbo uiteengesit.

9.2 SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

9.2.1 Die Forum kan die Sekretaris opdrag gee om `n Spesiale Algemene Vergadering saam te roep om spesiale aangeleenthede te bespreek en daaroor te besluit.

9.2.2 Die Sekretaris moet `n Spesiale Algemene Vergadering saamroep op skriftelike versoek van minstens tien (10) lede van die Forum, van wie minstens 50% nie-ampdraers moet wees, om aangeleenthede wat duidelik en *skriftelik* deur die betrokke lede uiteengesit is, te bespreek en daaroor te besluit.

9.2.3 Versoeke vir die hou van `n Spesiale Algemene Vergadering moet die Sekretaris minstens een (1) maand voor die beoogde vergadering bereik. Die Sekretaris moet lede van die Forum minstens een-en-twintig (21) dae vooruit skriftelik van sodanige vergadering verwittig. Kennisgewing van sodanige Spesiale Vergadering moet die doel met die sake wat by die vergadering bespreek moet word, uiteensit, en kan kennisgewings insluit van hersiening en terugtrekking van enige van die besluite wat by `n Algemene Jaarvergadering of Algemene Spesiale Vergadering geneem is. Slegs aangeleenthede wat op die agenda is, mag oorweeg word.

9.2.4 Geen vorige besluit of beslissing soos waarna in paragraaf 9.2.3 verwys is, kan op sodanige Spesiale Algemene Vergadering teruggetrek of gewysig word nie, tensy `n tweederdemeerderheid verkry word.

9.3 FORUMVERGADERINGS

Die Forum se Algemene Vergadering van aangewese verteenwoordigers vanuit die plaaslike gemeenskap of organisasies moet minstens twee (2) maal per kwartaal gehou word ten einde

9.3.1 veldtogte en programme vir die forums goed te keur;
9.3.2 verslae van die Uitvoerende Komitee te ontvang en in oorweging te neem;
9.3.3 voorskrifte en terugvoering van die Gebiedsraad te oorweeg en te implementeer;
9.3.4 voorleggings te doen en insette te lewer aan die Gebiedsraad, en
9.3.5 verslae oor die stand van polisiëring en misdaad binne die gebied van die ..... Stasie in ontvangs te neem.

9.4 VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

9.4.1 Die Uitvoerende Komitee van die Forum moet minstens een (1) keer per maand byeenkom, of meer dikwels indien nodig, om aangeleenthede in verband met die bestuur van die Forum te bespreek en besluite daaroor te neem, en om `n agenda vir die volgende Algemene Vergadering op te stel.
9.4.2 Alle voorstelle word deur middel van `n 50% + 1-stem aangeneem.
9.4.3 Waar die Voorsitter om watter rede ook al nie `n vergadring van die Uitvoerende Komitee kan bywoon nie, moet die Ondervoorsitter as Voorsitter optree.

10. KWORUM

10.1 ALGEMENE JAARVERGADERING EN SPESIALE VERGADERING

10.1.1 Minstens 50% van alle geregistreerde organisasies van die Forum vorm `n kworum.
10.1.2 Indien `n kworum nie by die byeenkoms van `n geskeduleerde vergadering verkry word nie, moet die vergadering vir minstens vyftien (15) minute verdaag,

waarna die vergadering na goeddunke van die lede wat teenwoordig is, mag voortgaan. Die genoemde Algemene Jaarvergadering kan egter slegs voortgaan as `n minimum van 33% van die geregistreerde lede teenwoordig is.

10.2 VERGADERINGS VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

10.2.1 Minstens vier (4) lede van die Uitvoerende Komitee, met inbegrip van die Sekretaris en die Voorsitter of Ondervoorsitter, maak `n kworum by `n vergadering van die Uitvoerende Bestuur uit.

11. PROSEDURE BY VERGADERINGS

11.1 ALGEMENE JAARVERGADERING

Die volgende prosedure geld by `n Algemene Jaarvergadering:

11.1.1 Lees van die kennisgewing waarvolgens die vergadering saamgeroep is.

11.1.2 Lees en geldigverklaring van die notule van die vorige Algemene Jaarvergadering en die notules van Spesiale Vergaderings indien sodanige vergaderings sedert die vorige Algemene Jaarvergadering plaasgevind het.

11.1.3 Die bespreking van enige kwessies wat voortgespruit het uit die notules waarna in artikel 11.1.2 verwys is.

11.1.4 Lees en oorweging van die Voorsitter se jaarverslag en die finansiële verslag.

11.1.5 Verkiesing van die Forum se Uitvoerende Komitee.

11.1.6 Bespreking en oorweging van kwessies wat op die agenda geplaas is vir oorweging deur die Algemene Jaarvergadering soos in paragraaf 9.1.2 genoem.

11.2 ALGEMENE PROSEDURES

11.2.1 Vergaderings sal volgens die algemeen aanvaarde prosedures en praktyke wat vir vergaderings in die algemeen geld, gehou word.

11.2.2 Stilte moet tydens vergaderings gehandhaaf word en lede mag nie hulle sitplekke sonder die toestemming van die Voorsitter verlaat nie.

11.2.3 Lede moet toestemming vir `n spreekbeurt van die Voorsitter kry deur hulle hande op te steek.

11.2.4 Lede moet te alle tye die Voorsitter aanspreek wanneer hulle die woord voer. Onbeduidende sake moet vermy word, en daar moet by die onderwerp onder bespreking gehou word.

11.2.5 Wanneer die vergadering of mense in die vergadering aangespreek word, moet die formele aanspreekvorm gebruik word, bv. "meneer", "mevrou", ens.

11.2.6 Wanneer `n lid skuldig is aan swak gedrag, mag die Voorsitter die skuldige persoon vra om die vergadering te verlaat.

11.2.7 Geen onnodige steurnisse sal geduld word nie. Verteenwoordigers mag slegs op `n punt van orde `n spreker in die rede val.

11.2.8 Wat `n punt van orde betref, moet die Voorsitter die finale beslissing gee.

11.2.9 Die Voorsitter mag met die toestemming van die vergadering die agenda van die vergadering wysig. Byvoegings/weglatings mag aan die begin van die vergadering gemaak word.

12. FINANSIëLE ADMINISTRASIE

12.1 Die Forum moet `n rekening by `n geregistreerde finansiële inrigting oopmaak waarin alle fondse wat die Forum ontvang, gedeponeer moet word.

12.2 `n Aanvaarbare stel finansiële boeke moet deur die aangewese persoon bygehou word en op versoek aan enige lid beskikbaar gemaak word.

12.3 `n Finansiële verslag moet by elke (maandelikse) Algemene Vergadering van die Forum ter tafel gelê word.

12.4 `n Jaarverslag, geouditeerde finansiële state en `n begroting moet by elke Algemene Jaarvergadering ter tafel gelê word.

13. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE

Die Uitvoerende Komitee van die Forum het vir die uitvoering van sy bestuursfunksies die volgende magte en pligte:

13.1 Om na goeddunke geografiese subforums wat hulle sake ooreenkomstig hierdie Grondwet moet bedryf, in te stel vir die doeltreffende bestuur van die Forum.

13.2 Om na goeddunke subkomitees aan te stel, sake te reël, take aan hierdie komitees op te dra en lede van die Forum te koöpteer om in hierdie liggame te dien.

13.3 Om doeltreffende beheer oor lede en die administreer van die Forum te handhaaf en toesig daaroor te hou.

13.4 Om klagtes wat oor die aktiwiteite van die Forum ontvang word, aan te hoor, te ondersoek, te oorweeg en daaroor te besluit.

13.5 Om alle handelinge deur die Uitvoerende Komitee of enige van sy lede in die bona fide-verrigting van hulle pligte te beskou asof dit deur die Forum as geheel uitgevoer is.

14. MAGTE EN PLIGTE VAN DIE BESTUURSKOMITEE

Die Bestuurskomitee het die gesag om op `n daaglikse grondslag die nodige dringende besluite te neem, met dien verstande dat geen beslissings oor beleidsake deur die Bestuurskomitee geneem mag word nie, aangesien sodanige beslissings slegs deur die Uitvoerende Komitee geneem en op `n daaropvolgende maandelikse vergadering of `n Algemene Jaarvergadering bekragtig mag word.

15. PLIGTE VAN DIE VOORSITTER

Die Voorsitter moet

15.1 vergaderings van die Forum lei;

15.2 *`n ex officio-lid van die Gebiedsraad wees, behalwe waar die gebied deur `n stelsel van subgebiede/-sektore bedryf word, in welke geval sodanige gebiede/sektore (`n) verteenwoordiger(s) vir die Gebiedsraad moet kies;*

15.3 op algemene vergaderings oor die stand van die Forum verslag doen;

15.4 oor al die werk van die Forum toesig hou ooreenkomstig die Grondwet en die prosedurereëls waaroor die Forum ooreengekom het, en

15.5 gereeld aan die Gebiedsraad verslag doen en in buitengewone omstandighede aan die Provinsiale Raad [POLISIERAAD ???].

16. PLIGTE VAN DIE SEKRETARIS

Die Sekretaris is verplig

16.1 om notules te hou ooreenkomstig die bepalings van hierdie Grondwet;

16.2 *om korrespondensie aan die Forum te ontvang en namens die Forum te versend;*

16.3 om alle vergaderings te reël;

16.4 om alle amptelike dokumente van die Forum, behalwe finansiële verslae, veilig te bewaar, tensy hierdie pos aan dié van Tesourier gekoppel is;

16.5 om die belange van die Forum te bevorder in opdrag van die Uitvoerende Komitee;

16.6 om alle pligte wat gewoonlik met die pos van Sekretaris verbind is, na te kom, en

16.7 om uit hoofde van sy/haar pos lid te wees van alle komitees en subkomitees van die Forum, ongeag of sodanige komitee tydelik of permanent is, of verkies of benoem is.

17. PLIGTE VAN DIE TESOURIER

Die Tesourier is verplig

17.1 om verantwoordelikheid te neem vir die geldsake van die Forum en moet, tesame met twee aangestelde lede van die Forum, `n bankrekening namens die Forum bedryf;

17.2 om boekhouboeke en ander dokumentasie by te hou wat nodig is om die finansiële posisie van die Forum duidelik te weerspieël, en

17.3 om aan die hoof te staan van die Finansiële en Projekkomitee, wat onder andere verantwoordelik is vir

- die uitwerk en uitvoering van planne vir fondsinsameling binne die bepalings van die wet;
- die instelling, beplanning en koördinering van alle projekte van die Forum, en
- die opstel van jaarlikse en ander begrotings.

18. REGISTRASIE EN SERTIFISERING

18.1 REGISTRASIE

Daar word van alle forums verwag om te registreer vir erkenning; sodanige aansoeke om registrasie word deur die Gebiedskommissaris/Raad aan die Provinsiale Kommissaris en die LUR verantwoordelik vir Veiligheid en Sekuriteit voorgelê. Om geregistreer te word, moet 'n forum aan die vereistes van die Grondwet van die Provinsiale Polisieraad voldoen.

18.2 SERTIFISERING

`n Forum moet by registrasie `n sertifikaat ontvang wat deur die Provinsiale Kommissaris en die LUR onderteken is.

18.3 IDENTITEITSKAARTE

Die uitvoerende gesag van `n geregistreerde Gemeenskapspolisieforum moet van identiteitskaarte voorsien word.

18.3.1 Slegs `n ID-kaart met die handtekening van die Stasiekommissaris daarop sal as `n amptelike dokument beskou word.

18.3.2 Die naam van die uitvoerende lid moet op die ID verskyn.

18.3.3 Amptelike ID-dokumentasie moet behoorlik geregistreer word in `n register in ooreenstemming met die notule van `n forumvergadering.

18.3.4 Die Forum moet die koste van sodanige ID-kaarte dra.

19. FINANSIëLE BELEID

Die LUR moet, in oorleg met die Provinsiale Kommissaris, die metode van fondsinsameling in breë trekke aandui, asook die gebruik van en algemene uitbetaling van fondse op plaaslike, gebieds- en provinsiale vlak. Hierdie beleid lê besondere klem op die behoorlike byhou van finansiële dokumentasie en die voorlegging van alle ontvangsbewyse en dokumentasie van uitgawes op versoek. Al die bates van die forums moet gereeld geëvalueer word.

20. GEDRAGSKODE

20.1 INLEIDING

Die Gemeenskapspolisieforum is `n organisasie van die gemeenskap in vennootskap met die SAPD. Lede sluit vrywillig aan en aanvaar die Forum se gesamentlike doelstellings en oogmerke.

20.2 FUNDAMENTELE BEGINSELS

Die doel met dissiplinêre prosedure is om

(a) gevalle van onaanvaarbare gedrag deur lede van die Forum aan te spreek;

(b) konflik in die Forum op doeltreffende wyse te hanteer;

(c) te verseker dat, voordat dissiplinêre stappe gedoen word,

(i) `n lid redelike geleentheid gegun word om sy/haar kant van die saak te stel, en

(ii) al die tersaaklike omstandighede deeglik en op objektiewe wyse oorweeg word voordat `n besluit geneem word.

20.3 KLASSIFIKASIE VAN OORTREDINGS

20.3.1 Baie ernstige oortredings

20.3.1.1 Enige oortreding wat daarop gemik is om die integriteit of eiendom van die Forum te skend of te beskadig, word as 'n baie ernstige oortreding beskou.

20.3.1.2 `n Oortreding word begaan wanneer `n persoon onder andere met opset die integriteit van die Forum, sy personeel of eiendom skend, benadeel of beskadig deur

i) die aktiwiteite van die Forum in die wiele te ry;

ii) onmin onder die lede te saai;

iii) die behoorlike funksionering van die Forum te belemmer;

iv) enige ander daad te pleeg wat daarop gemik is om die doeltreffendheid van die Forum te ondermyn;

v) vir enige ander organisasie(s) of groep op te tree wat gekant is teen die.Forum se beleid en beginsels, of

vi) vir enige groep of persoon op te tree wat die ondergang van die Forum wil bewerk of wil verhinder dat die Forum sy gestelde oogmerke en doelwitte bereik.

20.3.2 Ernstige oortredings

20.3.2.2 Enige skending van die beginsels van die Forum en die standaarde van gedrag wat van sy lede verwag word, wat die veiligheid, eiendom of goeie naam van die organisasie skend; of wat sy doeltreffende funksionering ernstig belemmer, of wat daarop gemik of bereken is om demoralisasie onder sy lede te veroorsaak, word as `n ernstige oortreding beskou.

(a) Optrede wat lede aan ernstige fisieke gevaar of die dood blootstel.
(b) Die opsetlike beskadiging van die organisasie se eiendom of roekelose blootstelling van die organisasie aan gevaar.
(c) Oneerlike gedrag in verband met die organisasie se eiendom.
(d) Die onverskillige deurgee van inligting wat die funksionering van die Gemeenskapspolisieforum kan benadeel.
(e) Misbruik van die amp wat `n lid beklee deur op grond van sy/haar posisie materiaal of ander onbehoorlike voordele van lede of ander persone te verkry.
(f) Bakleiery of optrede op `n uiters wanordelike en weerbarstige wyse.
(g) Die pleeg van ernstige misdade soos deur die strafreg in Suid-Afrika omskryf.

20.4 GRADE VAN STRAWWE

20.4.1 Teregwysing
20.4.2 Skorsing
20.4.3 Uitsetting

20.5 DISSIPLINêRE PROSEDURE

20.5.1 Beoordelaarsliggaam

Twee lede van die uitvoerende gesag van die Gebiedsraad plus twee verteenwoordigers van die Gebiedskommissaris se Kantoor moet in enige dissiplinêre ondersoek die beoordelaarsliggaam vorm.

20.5.2 'n Aangeklaagde in enige dissiplinêre saak het die reg om by die uitvoerende gesag van die Provinsiale Raad **[POLISIERAAD ???]** appèl aan te teken.

21. WYSIGING VAN DIE GRONDWET

Hierdie Grondwet kan slegs gewysig word deur die Provinsiale Kommissaris, na oorlegpleging met die Provinsiale Raad **[POLISIERAAD ???]** en die LUR, wat enige wysiging aan die Grondwet moet goedkeur.

2000-02-18